

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 22

12 Julie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

DERDE KWARTAAL 2019
Die wintervakansie is verby en alreeds is die eerste week van die derde kwartaal ook op sy rug! Die derde kwartaal is ‘n baie bedrywige kwartaal met verskeie aktiwiteite op die program. In hierdie kwartaal is daar o.a. ‘n basaar, graad 7-toer, ‘n sporttoer, toetsreeks, drie groot sportdae en verskeie ander aktiwiteite.
Ek wens almal ‘n aangename kwartaal toe waar ons weereens as Newtonpark-familie sal hande vat en ‘n sukses maak van alles wat ons aanpak.

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Chavonne en Gizelle Pieterse in onderskeidelik grade 6H en 2C en hul familie met die heengaan van hul stief Pappa gedurende die vakansie. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

OUERAAND
U het reeds ‘n brief waarop u moes aandui hoe laat u die klasonderwyser/es, Maandag, 15 Julie wil sien, ontvang. Die bevestigings van die tye vir die afsprake is reeds aan u teruggestuur. Onthou asseblief om die belangrike geleentheid by te woon.

Van u het die brief saam met die rapport ontvang om die onderwysers te kom sien. Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas met betrokke onderwyser aan te spreek. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel vir hulle harde werk wil dankie sê.

FONDSINSAMELING - “TROLLEY DASH” BY NEWTONPARK SPAR
U word herinner aan ons fondsinsamelings-projek. Ons sal graag wil sien dat elke kind ten minste 1 boekie (R100) sal verkoop. Die sluitingsdatum vir al die teenblaaie met die geld om terug te wees is **WOENSDAG, 24 Julie 2019**. Die **trekking vind op MAANDAG, 29 Julie 2019** tydens die saalbyeenkoms plaas. Ons wil net klem daarop lê, dat indien ‘n boekie verlore sou raak, u verantwoordelik bly vir die R100 wat daardeur geïn sou word.

KOS VIR POUSE
Ouers, doen asseblief moeite om vir julle kinders gesonde kos skool toe in te pak. Moenie **nét** geld in hulle hande stop om iets by die snoepie te gaan koop nie. Daar is kinders wat geen kos skool toe bring nie, en dan honger raak. Honger kinders kan nie dink nie! Skakel asseblief die skoolhoof indien daar ‘n probleem is.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar ‘n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOLAKTWITEITE
Ons wil ’n ernstige beroep op ons ouers doen om asseblief leerlinge so gou moontlik na skool en na ander aktiwiteite te kom afhaal, aangesien die skool dan nie meer verantwoordelikheid kan aanvaar vir die leerlinge nie. Indien leerlinge moet wag, stel ons voor dat hulle op die stoep voor die graad 2-klasse wag. Dié deel van die skool word deur ‘n kamera gemonitor en is heel veilig. Leerlinge wat by die skool se sportgrond oefen en lank moet wag vir hul ouers, sal deur die afrigters terug geneem word na die skoolgebou, waar hulle dan ook op die graad 2-stoep kan wag vir hul ouers. Leerlinge moet nooit op ’n sypaadjie of waar hulle alleen is, wag nie.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf.

‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

EIENSKAPPE WAT JOU KIND NODIG HET OM LEWENSLANGE SUKSES TE BEHAAL

Hiermee ‘n kort uittreksel uit die boek *Gee jou kind ‘n voorsprong in die lewe*. Hierdie boek is ‘n belegging vir enige ouer en opvoeder.

‘n Produseerder van kwaliteit
1 Kor 10:31 “Of julle eet en of julle drink of wat julle ookal doen, doen alles tot eer van God.”

- Dis meestal nie *wat* ons doen nie, maar *hoe* ons dit doen wat saak maak.
- Kwaliteit beteken om meer te doen as wat verwag word; méér as jou plig.
- Moedig jou kinders aan om die beste produk te skep wat hulle kan, so dikwels as hulle kan.
- Lei deur jou eie voorbeeld van kwaliteit.
- Leer jou kind om bekend te staan as iemand wat ekstra moeite doen.

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 15 Julie	:	Ouerbesoekaand (geen sportoefening of wedstryde vandag nie) Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00**
Di – 16 Julie	:	Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1-2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3-7 **14:20 – 15:15**
Wo – 17 Julie	:	Klerewinkel: **12:00-14:30** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Rugby: 0/13 A teen Summerwood **15:15 (t)** Rugby: 0/11 A teen Mount Pleasant **14:30 (w)** Rugby: 0/9 A teen Walmer-Wes **14:30 (t)**
Do – 18 Julie	:	Dance Kids-ballet graad R: **13:15** Netbal: 0/11 teen Blouwaterbaai 1**4:30 (t)** Netbal: 0/10 teen Blouwaterbaai **14:30 (w)** Netbal: 0/9 teen Blouwaterbaai **14:30 (t)**
Vr – 19 Julie	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** Drama graad R - 2: **12:45-13:30** Drama graad 3 - 7: **12:45-13:45**

Eko-Newtons
Skaak: Wedstryd teen Frans Conradie (w)

Sa – 20 Julie : LNP- en Summerwood-sportdag (by LNP)

SPORT & KULTUUR

SWEM : PEA WINTER GALA

Isabel Kühn in graad 3B het vanaf Saterdag, 14 tot 16 Junie aan die PEA Winter Gala deel geneem. Sy het as volg vir dogters 8 jaar en onder presteer:

50m Vryslag : silwer medalje
100m Vryslag : silwer medalje
50m Rugslag : silwer medalje
50m Borsslag : 4de posisie

Baie geluk!

GHOLF

Enrico Meyer in graad 6H het op Dinsdag, 18 Junie, aan die Bay Golf Academy-kompetisie by Little Walmer Golf club deelgeneem en ‘n 2de plek (silwer medalje) behaal. Hy is ook uitgenooi om op Sondag, 4 Augustus, aan die Oos-Kaap Golf Amateurs-kompetisie by St. Francis Links deel te neem.

Baie geluk!